

2

Van die groot ontwrigtings tot Afrika-nasionalisme



'n Beroemde skildery deur Frederick T'Ons, bekend as die "Sandile-groep". Sandile (1820–1878), met kiere omhoog, spreek die Ngqika Xhosa-hoofmanne toe net voor die uitbreek van die Oorlog van die Byl in 1846. Die Grahamstown Journal het berig: "The redoubtable chief is . . . delivering an address with the gesticulations and energy he knew so well to exercise." Sandile was bekend vir sy welsprekendheid. In die aanloop tot die latere 1850-oorlog het hy byvoorbeeld verklaar: "Die hele Xhosaland is oortrek met die wonings van die witman, en met landmeterslae . . . hy [Sandile self] mag sterf, maar dit moet nooit gesê word dat hy in vreedsame tye gesterf het nie – dit moet algemeen bekend wees dat hy as soldaat gesterf het in die stryd om die grond van die Rharhabe."

CHRONOLOGIE

- 1800:** Portugese verstewig die beheer oor Delagoabaai om toegang tot ivoor en slawe te verkry.
- 1800–1820:** Konflik tussen die Tswana-hoofmanskappe op die westelike hoëveld.
- 1818:** Zwide van die Ndwandwe vang en vermoor Dingiswayo van die Mthethwa; Shaka neem beheer oor die Mthethwa.
- 1819:** Die Ndwandwe val uiteen; Shoshangane en Zwangendaba verhuis na Delagoabaai; Zwide neem sy volgelinge na die hedendaagse Swaziland.
- 1820–1822:** Die Chunu en Thembu verlaat Zululand en steek die Mzimkhulurivier oor.
- 1822–1826:** Vlughtelinge vanuit die Caledon-vallei val die suidelike Tswana aan.
- 1822–1840:** Moshoeshoe konsolideer sy Sotho-koninkryk en brei dit uit.
- 1823:** Mpangazitha se Hlubi vlug oor die Drakensberge; die Thlaping word by Dithakong aangeval en deur die tussenkoms van sendelinge en Griekwas gered.
- 1824:** Port Natal word as 'n handelspos gestig; Zwide sterf en Shaka val sy seun aan.
- 1824–1825:** Zwangendaba en Nxaba beweeg die hedendaagse Zimbabwe binne.
- 1825:** Die Khumalo (later Ndebele) onder Mzilikazi vestig hulle langs die Vaalrivier nadat hulle Zululand 'n paar jaar vantevore verlaat het.
- 1826:** Mzilikazi beweeg weswaarts na die Madikwerivier (Marico) en onderwerp die Tswana.
- 1828–1837:** Sekwati neem beheer oor die Pedi in die hedendaagse Mpumalanga en verstewig die Pedi se oppermag.
- 1829:** Jan Bloem se Griekwa- en Tswana-bondgenote voer strooptogte op Mzilikazi se Ndebele uit.
- 1830–1834:** Sekonyela se Tlokwa verkry oppermag in die Caledon-vallei.
- 1836:** Gesamentlike Voortrekker-/Griekwa-/Tswana-aanval op Mzilikazi by Mosega; Ndebele begin om na Zimbabwe (Matabeleland) te verhuis.
- 1837:** Adam Kok III aanvaar die gesag oor die Griekwas by Philippolis.
- 1838:** Retief se geselskap word by Dingane se hoofstad, Mgungundhlovu om die lewe gebring; Voortrekkers onder Pretorius verslaan die Zulu by die Ncomerivier (Bloedrivier).
- 1839:** Republiek Natalia word gestig.
- 1843:** Napierverdrag met Griekwas en Moshoeshoe se Sotho; Boer-Sotho-konflik dreig in Transoranje.
- 1844:** Natal word deur Brittanje geannekseer.
- 1845:** 'n Britse gesant word in Transoranje aangestel; Potgieter se Voortrekkers vestig hulle by Ohrigstad in die Oos-Transvaal en onderhandel 'n ooreenkoms met Sekwati (Pedi).
- 1846:** Swazi-opperhoof, Mswati, onderteken 'n verdrag met Potgieter waarin grond in die Oos-Transvaal afgestaan word.
- 1847:** Sir Harry Smith as goewerneur van die Kaap aangestel; hy verskuif die grens van die Kaap tot by die Oranjerivier, wat groot teenstand ontlok.
- 1848:** Slag van Boomplaats (Boere en Britte).
- 1849:** Anti-Bandiete-vereniging gestig om koms van gevangenes na die Kaap teen te staan; Warden-lyn aangekondig en Sotho staan gebied noord van die Caledonrivier af; Oranjerivier-Soewereiniteit word verklaar; Ohrigstad word verlaat en Trekkers verhuis na Schoemansdal en Lydenburg.
- 1850:** Stockenstrom se volksparty wen die verkiesing vir die Wetgewende Raad; pogings om verteenwoordigende regering vir die Kaap te kry, wen veld; Katrivier-“rebelle” kies kant vir die Xhosa by die slag van Mlanjeni tydens die Agtste Grensoorlog.
- 1852:** Die Sandrivier-konvensie lei tot die stigting van die ZAR.
- 1853:** Theophilus Shepstone aangestel as sekretaris van naturellesake in Natal; 'n nuwe Kaapse grondwet gee aan bruin mans die stemreg in verkiesings vir die wetgewer.
- 1854:** Die Bloemfontein-konvensie word onderteken en die Oranje-Vrystaat (OVS) kom tot stand.
- 1857:** As gevolg van Nongqawuse se profesie maak die Xhosa “besmette” beeste dood.
- 1858:** Verdrag van Aliwal-Noord; die Sotho staan nog grond af.
- 1860:** Ingeboekte Indiër-arbeiders kom in Natal aan; die Griekwas onder Adam Kok trek uit die OVS na Matatiele (Griekwaland-Oos).
- 1866:** Verdrag van Thaba Bosiu; die Sotho verloor nog grondgebied.
- 1867:** Diamante word by Hopetown suid van die Oranjerivier ontdek; die Trekkers verlaat Schoemansdal.
- 1868:** Basotholand word as Britse protektoraat geannekseer.
- 1871:** Die Keate-uitspraak; die kroonkolonie Griekwaland Wes word verklaar.
- 1874:** Langalibalele-aangeleentheid in Natal; die dryfkrag vir konfederasie in Suid-Afrika groei.
- 1874–1875:** Carnarvon se konfederasieplan word aanvaar.
- 1875:** Die Swart Vlag-rebellie; wit delwers weier om te ontwapen.
- 1876:** Pedi-koninkryk deur die ZAR binnegeval.
- 1877:** Brittanje annekseer die ZAR.
- 1878:** Griekwa-rebellie in Griekwaland-Wes; Britse en Swazimagte val die Pedi aan en verslaan hulle in 1879.
- 1879:** Britse troepe val Zululand binne en word by Isandlwana verslaan.
- 1880:** “Geweeroorlog” in Basotholand. Die Sprigg-ministerie in die Kaap kom tot 'n val; Rhodes vorm die De Beers Mining Company; die Zulu word by Ulundi verslaan en Cetshwayo word gevange geneem; Anglo-Boereoorlog in Transvaal.
- 1881:** Sir Garnet Wolseley verdeel Zululand en burgerlike onenigheid volg; Transvaal-gebaseerde huursoldate val die Rolong aan; Transvaal herwin onafhanklikheid deur die Verdrag van Pretoria; goud word by Barberton ontdek.
- 1881:** Die republieke Stellaland en Goosen word in die land van die suidelike Tswana gevorm; bandietarbeid word op die diamantvelde gebruik.
- 1883:** Cetshwayo word herstel maar burgerlike onenigheid duur voort.
- 1885:** Die Warren-ekspedisie na Betsjoeanaland en verklaring van die kroonkolonie Brits-Betsjoeanaland.
- 1887:** Zululand word deur die Kroon geannekseer, deur uSuthulojaliste teengestaan.
- 1888:** Rhodes kry volle beheer oor De Beers.
- 1889:** In Zululand gee Dinuzulu oor, word aan hoogverraad skuldig bevind en na St. Helena gestuur.
- 1877:** Brittanje annekseer Pondoland.
- 1894:** ZAR-magte verslaan die Venda in die Soutpansberg.
- 1895:** Brits-Betsjoeanaland word tot die Kaapkolonie geannekseer.
- 1895–1896:** Die Jameson-inval in Transvaal.
- 1878:** Langeberg-rebellie in Brits-Betsjoeanaland.
- 1896–1897:** Runderpes-epidemie.
- 1899:** Die Suid-Afrikaanse Oorlog breek uit.

Inleiding

Vroeg in die 19de eeu is gemeenskappe in Suider-Afrika radikaal ontstig. Van politieke organisasie en kulturele gebruike tot wie waar gewoon het, het dramaties verander. Tot onlangs is dié ontstigting grootliks toegeskryf aan die Mfecane, 'n woord wat gebruik word om na Shaka Zulu se oorloë te verwys. Deesdae meen sommige geskiedskrywers egter dat dié gebeure die gevolg was van ingryping van Europeërs en mense uit die kolonies – uit die Kaapkolonie, Port Natal en Delagoabaai. Die Mfecane is van deurslaggewende belang in die geskiedenis van die subkontinent en het selfs so ver noord as die huidige Zambië, Malawi en Suid-Tanzanië 'n uitwerking gehad.

Paradoksaal het die moederkolonie, met Kaapstad as kern, 'n liberale houding teenoor klas en ras aangeneem juis toe sy setlaar-lote die binneland al hoe dieper begin indring het. Dié wit binnedringing, en Afrikane se reaksie hierop, het verdere botsings tot gevolg gehad. Teen die middel van die 19de eeu wou sowel die wit Voortrekkers as swart Afrikane hul brose gemeenskappe herbou en ná groot maatskaplike ontstigting die wêreld vir hulself beveilig. Dit het onvermydelik gelei tot mededinging om hulpbronne, maar terselfdertyd was swart en wit ten diepste van mekaar afhanklik. Die sterk rasse-antagonisme in Suid-Afrika se onlangse geskiedenis verdoesel die omvang van dié afhanklikheid.

Die ontdekking van diamante en goud laat in die 19de eeu het tot 'n suksesvolle mynbedryf gelei, wat jare lank die sterkste stuwert van ekonomiese groei sou bly. Dit het reg oor Suider- en Sentraal-Afrika 'n impak gehad soos mans van oraloor na die myne gelok is. Die Britse Ryk het namens die Griekwawolk op Griekwaland-Wes aanspraak gemaak, maar swart mense het meestal maar bitter min baat gevind by die nuwe mynbou. Die dinamika van die mynbedryf het onvermydelik uitgeloop op De Beers Consolidated se monopolie en die stelsel van geslote kampongs vir swart werkers.

Die Britse ingryping in die diamantvelde het die magsbalans tussen die Britse kolonies, die trekkerrepublieke en die onafhanklike swart koninkryke versteur. Die ryk het sy huiwerigheid om by die binneland betrokke te raak laat vaar, en grond en arbeid is in die laaste dekades van die 19de en in die 20ste eeu al hoe doeltreffender vir kapitalistiese transformasie ingespan. Brittanje het militêr regstreeks ingegryp, die onafhanklike Afrikastate vernietig en die Boere en Britte op 'n botsing laat afstuur.

Van vroeg in die 20ste eeu het Suid-Afrika ekonomies en maatskaplik drasties verander. Onder die wittes het 'n welgestelde kapitalistiese klas en groot grondbesitters die toon begin aangee; onder die Afrikane het 'n groot loon- en trekwerkersklas ont-

staan, toenemend afgesonderd van hul gemeenskappe. In die landelike gebiede het vroue 'n belangriker rol begin speel en kosproduksie begin oorheers. In dié tydperk het landelike armoede in die reservate en elders posgevat omdat nuwe eise en druk die tradisionele landelike ekonomie bykans vernietig het. Sommige Afrikane het dié slaggate vermy en tydelik in die ontluikende kapitalistiese ekonomie meeding. Hulle was merendeels kleinboere, met 'n kleiner groepie opgevoede "middelklas"-mense wat onder die Kaapkolonie se liberale grondwet 'n klein nis in die wit samelewing kon vul.

Die vernietiging van Afrika-koninkryke, die onderwerping van Afrika-ekonomieë en die gepaardgaande trekwerkersstelsel het nuwe klasse en nuwe aspirasies onder die swart meerderheid geskep. Die neiging was die sterkste in die Oos-Kaap, die toneel van sowat 100 jaar van grensoorloë. Ná die Nongqawuse-veeslagting van 1856-1857 was 'n terugryp na tradisie in reaksie op koloniale indringing gediskrediteer. Die onafhanklike Xhosa-nasie het in duie gestort. Die aanvanklike optimisme van die welvarende kleinboerklas het getaan namate die beperkings van Kaapse liberalisme duideliker geword het. In die 1890's het swart nasionalisme op 'n nasionale, eerder as 'n etniese grondslag, onmiskenbaar begin opkom. Nuwe swart politieke leiers het na vore getree.